

## **Skriflesing:** Psalm 1

**Tema:** Water is lewe.

In sy bekende boek, *Lost horizon*, skryf James Hilton in 1933 oor die geluksvallei Shangri-La wat hoog bo in die Himalaja berge lê. In verhaal is Shangri-La 'n denkbeeldige, pragtige plek, dikwels ver, waar alles lekker is en jy alles kan kry wat jy wil hê.

Hy vertel van die mense wat daar woon wat baie, baie oud word en absolute vrede en vreugde ervaar. Hulle bekommer hulle oor niks en die bergwater en lug genees elke wond of siekte baie vining.

Baie jare later het iemand beweer het dat James Hilton se storie miskien nie heeltemal 'n produk van sy verbeelding was nie. 'n Groep Sweedse bergklimmers het glo 'n paar weke in die werklike Shangri-La deurgebring, en hoewel dit nie die idilliese plek van James Hilton se verbeelding was nie, was dit tog 'n wonderlike plek.

'n Kameraman en sy groep het 'n reis aangepak, opsoek na Shangri-La. Met die hulp van gidse het hulle die allerverskriklikste toestande aangedurf, net om dié plek op film te kon gaan vaslê. Van die mense het omgedraai, maar die kameraman en twee van sy vriende het deurgedruk ... totdat hulle uiteindelik die vallei van Shangri-La bereik het.

Maar wat 'n teleurstelling! In plaas van 'n immergroen landskap met pragtige, veelkleurige blomme al langs die paadjies, het 'n koue, barre, klipperige en onherbergsame toneel hulle begroet.

'n Paar kinders het hulle opgewonde uit Steentydperk huisies tegemoet gestorm. En hulle het aanhoudend geglimlag!

Die kameraman vertel dat hulle teleurstelling geen perke geken het nie. Al die opoffering en pyn, al die stories en drome, al die moeite en geld ... net omdat die armoede van mense in 'n piepklein en vergete dorpie te beleef.

Maar terwyl hulle daar gerus het voor hulle die terugtog sou aanpak, het hulle teleurstelling algaande plek gemaak vir verwondering. Die mense van Shangri-La het so maklik gelag.

Daar was by dié televisiespan geen twyfel nie dat die plooi op die gesigte van hierdie vallei se mense die gevolg van baie lag was! Hulle het hul min besittings so maklik met ander gedeel sodat almal genoeg gehad het. Hulle was glad nie bekommerd oor môre nie, ja, nie een keer het hulle 'n bekommerde gesig gesien nie. 'n Stukkie hemel op aarde!

Terug in Amerika het die kameraman sy eie huis na Shangri-La herdoop. Want, het hy aan familie en vriende verduidelik: "Geluk is nie iets wat jy besit of voor werk nie. Nee, geluk is 'n ingesteldheid, 'n manier van dink en leef."

Almal wil hierdie geluk baie graag beleef! En dit is binne ons bereik.

Psalm 1 begin met die Hebraëuse woord wat uitermatig gelukkig of baie geseënd beteken. In die Ou Vertaling word die woord: "welgeluksalig" gebruik. Uit die Psalm is dit baie duidelik dat geluk nie 'n denkbeeldige, pragtige plek is wat ver en onbereikbaar is nie.

Maar kom ons begin voor. In Psalm 1 lees ons van 2 groepe mense oppad na 2 eindbestemmings. Daar is nie 'n middeweg nie. Ons moet kies op watter pad ons is:

Of ons is regverdiges wat sin en geluk vind in die regte verhouding met God of ons is goddeloses, ligsinniges en spotters. Hierdie groep mense is nie almal growwe misdadigers nie. Van hulle is ordentlike en selfs lekker mense. Van hulle is gewone mense soos ons wat kies om sonder God en sy Bybel te lewe.

Ons as regverdiges word in Psalm 1 gewaarsku teen die geleidelike proses van agteruitgang wat ons geluk gaan steel. In die Ou vertaling lees ons van eers loop saam met goddeloses, want hulle is maklike mense, alle-mens vriende. Dan staan ons met hulle en gesels, want hulle is vriendelike mense. Uiteindelik sit ons en kuier in die kring van spotters en word so deel van hul liggewig kaf lewens.

Goddeloses wat volhard in hul keuse om sonder God en die Bybel te leef, het nie waarde nie. Hulle sal soos kaf in die wind weggewaai word.

Regverdiges sit en kuier by God. Hulle lees nie net Bybel nie, hulle vind hul vreugde in die Woord van die Here. Hulle oordink dit dag en nag.

George Barna, die wêreldbekende navorser, het bevind dat gelowiges wat gereeld bid en Bybel lees gelukkiger is as gelowiges wat dit nie doen nie. Bybel lesers ervaar ook baie meer geloofsgroei as hulle wat nie Bybel lees nie. (83% versus 38%).

Piet Naudé skryf: “Die kosbaarste besitting van ons as kerk, is die Woord. Waar daar Bybelarmoede is, is daar Godsarmoede. Waar daar Woordgebrek is, is daar waarheidsgebrek, en daarom gebrek aan rigting. En nog erger, waar daar Bybelverlies is, kom daar mettertyd Godsverlies.”

Hoe minder ons die Bybel lees, hoe slegter ken ons God en die waarheid. Later beland ons op verdwaalpaaië. NP van Wyk Louw skryf al in 1940: “die stem van die massa, word die stem van God.” Wanneer ons nie meer erns maak met die Bybel nie, loop ons maklik agter die massa aan of ons volg die persoon wat die hardste praat.

Wie besig bly met die Bybel, is soos ‘n boom wat by ‘n waterstroom staan. Soos water vir ‘n boom, so is die Bybel vir ons. En ons lees en oordink nie net die Bybel nie. Ons leef dit ook. Ons is soos ‘n boom wat vrugte dra op die regte tyd en waarvan die blare nie verdroog nie. In die droë woestynagtige Palestina, is so immergroen boom duidelik sigbaar. So is Christene ook duidelik sigbaar in die sondevaal wêreld rondom ons.

Ons moet vandag opnuut kies tussen 2 paaië. Elkeen van die paaië is oppad na verskillende eindbestemmings.

Die pad van die goddeloses lei tot ondergang.

Die Here lei ons as regverdiges op die pad van geluk. Hy het by die doop vanoggend ons weer daarvan kom verseker. God ken ons en het ons lief. Hy beskerm ons en niks of niemand kan ons uit sy hande ruk nie. Hy lei ons.

Verlang jy na jou Shangri-La? Dit is nie vir ons ‘n denkbeeldige plek nie. God gun ons almal ‘n plek van ware ewige geluk en vrede. Maar dit behels vir elkeen van ons ‘n daaglikse keuse.

Ware seën kom nie vanself nie. Dit vloei uit 'n lewende geloofsverhouding met die Here.  
Die sleutel tot geluk is om nie te loop, staan of sit saam met goddeloses of spotters nie. En  
dit is om soos 'n boom by 'n waterstroom, gewortel te wees in God en sy Woord.  
Amen